# Hoërskool Montagu Ondersteunersklub (HSMO)

## Finansiële Ondersteuning Beleid (Sport & Kultuur) 001

**DOEL VAN DIE BELEID**

Die doel van die HSMO Finansiële Ondersteuning Beleid (Sport & Kultuur) 001 is om te verseker dat alle aansoeke om finansiële ondersteuning ten opsigte van deelname, kompetisies en toere op dieselfde meriete geëvalueer word. Hierdie beleid word jaarliks hersien in November, vir die implementering tydens die daaropvolgende finansiële jaar.

**A. BELEID UITEENSETTING**

Die beleid is gebaseer op die volgende vyf (5) punte:

1. Die SBL moet jaarliks teen die einde van November 'n begroting (met 'n geskatte bedrag) ingee van beplande aansoeke vir die nuwe jaar. Dit sal die HSMO Bestuur in staat stel om 'n basiese begroting vir die volgende jaar te kan optrek. Dit is van toepassing op sport en kultuur deelname van spanne/groepe.
2. Finansiële ondersteuning sal slegs gegee word aan persone wie aansoek doen vir finansiële hulp.
3. Aansoeke sal slegs oorweeg word vir aansoeke vir sportsoorte en kultuur aktiwiteite wat aangebied word by Hoërskool Montagu (HSM). Sien tabel 1
4. Enige aansoeke wat nie inpas by punt 3 nie, sal op 'n afsonderlike basis ondersoek en geëvalueer word.
5. Die HSMO sal aansoeke slegs kan goedkeur indien die HSMO se finansiële posisie dit toelaat.

**B. KRITERIA PER SPORT EN KULTUUR (Individuele aansoek)**

Aangesien die erekleure kriteria per sportsoort/kultuur aktiwiteit verskil, het die HSMO die volgende riglyne in plek gestel, ongeag van die spesifieke sport of kultuur aktiwiteit of waar die deelname gaan plaasvind:

| | |
|---|---|
| Nasionale deelname | R2 500 |
| Provinsiale deelname* | R1 500 |
| Streeksdeelname | R1 000<br>Bydrae sal slegs gemaak word wanneer daar 'n direkte koste verbonde aan die deelname is wat nie deur die skool gedek word nie. |

*Om te kwalifiseer vir provinsiaal verskil van sport tot sport.

## C. KRITERIA PER SPORT EN KULTUUR (Span aansoek):

Hierdie aansoeke is vir alle span toere waaraan die skool deelneem bv. jaarlikse Ceres Hokkietoernooi. Hierdie beleid van die HSMO is in lyn met die HSM Finansiële beleid, punt 21(a)(4), waar aangedui word dat sportspanne so ver moontlik slegs twee (2) spanne gelyktydig op toer neem. Dit is vir hierdie rede dat die HSMO slegs ʼn bydrae maak tot en met ʼn maksimum van twee (2) spanne van dieselfde sportkode per jaar.

| | |
|---|---|
| Span sport | Kategorieë per spansport<br>1. Rugby (15 man): R2000<br>2. Hokkie: R1500<br>3. Krieket: R1500<br>4. Rugby (7s): R1000<br>5. Netbal: R1000<br>6. Gholf & Tennis: R500 |
| | Waar van toepassing, tel die seunspan en dogterspan elk as ʼn aparte span, vir deelname aan ʼn toer. Maar dit tel as een sportkode. |
| | Geen onderskeid word gemaak oor waar die span deelneem nie. |
| | ʼn Maksimum van R3000 per sportkode per jaar. |

## D. AANSOEK PROSES VIR PUNTE B en C (beide individue en span aansoeke)

1. Die relevante personeellid/skolier/ouer doen **skriftelik** aansoek, waarin die volgende uiteen gesit moet word:
   a. Item waarvoor kleure ontvang is.
   b. Toer/kompetisie besonderhede (Waar, wanneer, kostes per speler).
   c. Addisionele inligting wat nie deur punte a en b gedek word nie.
   d. Motivering vir die aansoek.
2. Die aansoeke kan gerig word via die HSMO Bestuur epos adres: hsmondersteunersklub@gmail.com
3. Die HSMO Bestuur sal die aansoek evalueer en op skrif terugvoering gee oor die uitkoms van die aansoek.
4. Span aansoeke moet soos per punt A(1) teen November van die vorige jaar ingesit word.
5. Individuele aansoeke moet so spoedig moontlik na keuring vir die sport toernooi gedoen word.
6. Die omkeertyd vanaf ontvangs van die aansoek tot en met die uitreiking van die terugvoerbrief sal nie meer as 30-kalenderdae neem vir span aansoeke en nie meer as 7 werksdae vir individuele aansoeke nie.

## E. HSM SPORTSOORTE EN KULTUUR AKTIWITEITE

Tabel 1

| **SPORT** | **KULTUUR** |
|---|---|
| Atletiek | CSV |
| Bergfiets | Drama |
| Gholf | Koor |
| Hokkie | Kuns |
| Krieket | Landsdiens |
| Netbal | Redenaars |
| Rugby | |
| Skaak | |
| Tennis | |

## F. AKADEMIESE ERKENNING EN ONDERSTEUNING

Die HSMO gee erkenning aan matrikulante wat 'n gemiddelde A behaal in die eindeksamen, deur middel van die volgende:

| | |
|---|---|
| Gemiddelde A in graad 12 eindeksamen | R500 |
| Top graad 12 kandidaat | R750 |

| **Beleid Geskiedenis** | | | |
|---|---|---|---|
| **Beleid Nommer en Naam** | HSMO 001 | Finansiële Ondersteuning Beleid (Sport & Kultuur) | |
| **Beleid geskryf deur** | HSMO Bestuur 22/23 | Effektief vanaf 1 Augustus 2022 | |
| **Volgende hersienning van beleid** | **Verantwoordelike persoon** | **Datum hersien** | **Nota (Veranderinge aangebring ens.)** |
| April 2023 | HSMO Bestuur 23/24 | 24/04/23 | Vervang OSK met HSMO (soos per grondwet), klein verandering aan die beleid uiteensetting en die proses, voetnota opgedateer. |
| April 2024 | HSMO Bestuur 24/25 | Mei 2024 | Spesifiseer die verskil tussen span en groep aansoeke, asook die aansoek proses. Verfyn die bedrae betaalbaar. |
| November 2024 | HSMO Bestuur 24/25 | | |
| November 2025 | HSMO Bestuur 25/26 | | |
| | | | |
| | | | |